Potchefstroom High School For Boys

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Graad 9 – Letterkunde Werkboek – 2020

LEERDER WERKBOEK

Onderwyser: Juf L Luchies-Louw

Naam:		**Nr.**
Klas:	**A | B | C | D**	

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe 2
Formaat van Vraestel 4: Letterkunde 4
Ontleding van gedigte 5
1. Die kameelperd – Tienie Holloway 6
Opsomming van *Die kameelperd* – Tienie Holloway 7
Vrae oor *Die kameelperd* – Tienie Holloway 8
2. Moenie die smiley vergeet nie – Jelleke Wierenga 10
Opsomming van *Moenie die smiley vergeet* – Jelleke Wierenga 11
Vrae oor *Moenie die smiley vergeet nie* – Jelleke Wieranga 12
3. Eksieperfeksie – Alta Marincowitz 15
Opsomming van *Eksieperfeksie* – Alta Marincowitz 16
Vrae oor *Eksieperfeksie* – Alta Marincowitz 17
Ontleding van kortverhale 20
1. Kaalvuis teen tonne rots – oorvertel deur Wendy Maartens 20
Opsomming van *Kaalvuis teen tonne rots* – oorvertel deur Wendy Maartens 23
Vrae oor *Kaalvuis teen tonne rots* – oorvertel deur Wendy Maartens 24
Ontleding van volksverhale 28
1. Jakkals nooi Ooievaar vir ete – oorvertel deur Wendy Maartens 28
Opsomming van *Jakkals nooi Ooievaar vir ete* – oorvertel deur Wendy Maartens 30
Vrae oor *Jakkals nooi vir Ooievaar vir ete* – oorvertel deur Wendy Maartens 31
2. Doederomandro – oorvertel deur Wendy Maartens 35
Opsomming van *Doederomandro* – oorvertel deur Wendy Maartens 38
Vrae oor *Doederomandro* – oorvertel deur Wendy Maartens 39
Naslaanbron 44
Inhoud 44
Verstegniese aspekte 44
Rym 44
Enjambement 45
Ritme en metrum 45
Tempo 45
Tipografie 45
Progressie 46
Repetisie/ herhaling 46

Kontras 46
Ironie 46
Inversie 46
Beeldspraak 47
Vergelyking 47
Metafoor 47
Personifikasie 47

Formaat van Vraestel 4: Letterkunde

VRAESTEL 4: Letterkunde

Tydsduur – 2 uur
Punte: 50 punte

Vraag 1: Gedigte (20 punte)
- Ongesiene gedig (10 punte)
- Gesiene gedig (10 punte)

Vraag 2: Kortverhale (20 punte)
Vraag 3: Volksverhale (10 punte)

Ontleding van gedigte

Vra vir jouself:

A. WAT sê die digter?

B. HOE sê die digter dit?

Die "WAT" in die gedig → Die saak/tema

1. **Waaroor handel die gedig?**
2. **Watter idees dra die digter oor?**
3. **Watter woorde en/of beeldspraak gebruik die digter om sy/haar boodskap oor te dra?**

Die "HOE" in die gedig → Tegniek

Hoe dra die digter sy/haar idees of boodskap oor?

Struktuur
Hoe lyk die gedig op papier?

Stemming
Die gevoel wat ervaar word, bv. blydskap, hartseer, ens.

Taal

Toon
Wat is die houding in die gedig, bv. sarkasties, humoristies, ens.?

Beeldspraak
- **personifikasie**
- **vergelyking**
- **metafoor**

Stylfigure
- **kontras**
- **inversie**
- **simbool**
- **karikatuur**
- **onomatopee/ klanknabootsing**
- **ironie**
- **spot**
- **satire**
- **sarkasme**
- **eufemisme**
- **hiperbool**
- **antiklimaks**
- **woordspeling**
- **metonimia**
- **onderbeklemtoning**

Ritme
Alles wat lewe het RITME. Ritme word gekenmerk deur beweging.

Rym
Rympatrone
Watter klanke en/of woorde rym?
Halfryn::
- **alliterasie**
- **assonansie**

1. Die kameelperd – Tienie Holloway

Almal sien ek oor die kop (het kameelperd swaar gesug)
en almal tap e kook verby, met neus hoog in die lug.
Tog is ek nie **hoogmoedig** nie, maar **nederig** en skaam;
ek laat my bure ook met rus, soos dit ‘n mens betaam.

My kos soek ek nooit nie daar onder op die grond,
want hier **wei** ek, met lange nek, op die hoogste take rond.
Die jongste blaartjies kan ek pluk, maar jy sal jou **verstom**
as jy sien hoedat ek sukkel om ‘n drankie by te kom!

My kop steek bo die bosse uit – ‘n ware periskoop.
Ek sien waar al die diere wei, en waar ou jakkels loop.
Ek sien waar skuil die krokodil, ek weet ook goed waarom -
maar niemand kan ek **waarsku** nie, helaas, want ek is **stom.**

WOORDEBOEK

Hoogmoedig:

- Haughty, proud

Nederig:

- Humble

Stom:

- Dumb

Verstom:

- Dumbfounded

Waarsku:

- Warn

Wei:

- gaze

Opsomming van *Die kameelperd* – Tienie Holloway

Vrae oor *Die kameelperd* – Tienie Holloway

1.	Watter tipe spreker kom in hierdie gedig voor?
2.	Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
3.	
4.	*"almal sien ek oor die kop"* (hoof)
4.1.	Verduidelik die **denotatiewe** betekenis van bostaande reël.
4.2.	Verduidelik die **konnotatiewe** betekenis van bostaande reël.
5.	Wanneer sug 'n mens/dier?
6.	KIes die korrekte antwoord tussen hakies.
	"met neus hoog in die lig" impliseer dat kameelperd (nederig/snobisties) is?
7.	Waarmee vergelyk die kameelperd homself in strofe 4, reël 1?
8.	Wat impliseer reël 4

9.	Hoe weet ons dat Kameelperd nie lui is nie maar bereid is om sy nek uit te steek? Haal 'n reël aan as antwoord.
10.	Dink jy dit is maklik vir Kameelperd om by die jongste blare uit te kom? Ja of Nee. Haal **EEN** woord aan as motivering.
11.	Watter dier word as bedreiging vir die Kameelperd gesien?
12.	Watter dier steek homself goed weg?
13.	Waarom kan Kameelperd nie die diere of mense waarsku teen die gevaar van die krokodille nie?
14.	Noem **EEN** sintuig waarmee Kameelperd sy omgewing ervaar?
15.	Wat beteken die word "*helaas*"?
16.	Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende woord beteken: "*stom*".

2. Moenie die smiley vergeet nie – Jelleke Wierenga

wa is jy nou?
wat doen jy?
ek verlaaaang!

kanie wag vi **satdag**!
so **baja** om te sê!
life vi jo!

woorde woorde woorde
dit was ons kos
sms'e en e-pos
en elke oomblik wat ons kon
praat oog met oog
lip lees lip
vingers voel vel
al ons jare
te min vir ons twee saam

Hoe het jy so gou genoeg van my gehad?
Skielik is jy so **siek en sat**
dat jy net 14 woorde nodig het
om jou **afsê** in 'n sms te set:

Dit werk **ni me vi my ni**
jamr wil jou nie we sien nie.

Met 'n **smiley** daarby.

WOORDEBOEK

Afsê:

- Break-up Dear John message

Baja (baie):

- A lot

Jamr (jammer):

- Sorry

Kani wag (kan nie wag nie):

- Cannot wait

Ni me vi my ni (nie meer vir my nie):

- Not for me anymore

Satdag (Saterdag):

- Saturday

Siek en sat:

- Sick and tired

Smiley:

:-)

Opsomming van *Moenie die smiley vergeet* – Jelleke Wierenga

Vrae oor *Moenie die smiley vergeet nie* – Jelleke Wieranga

1.	Waarna verwys die "*smiley*" letterlik in die titel?
2.	Watter stemming kry ons in die eerste twee strofes?
3.	Waarom het die spreekster na Saterdag uitgesien?
4.	Voltooi die sin" vingers voel vel" is 'n voorbeeld van _____ .
5.	Hoekom word *"verlaaaang"* in reël 3 so geskryf?
6.	Watter tipe taal word in strofe 2 gebruik? Hoekom?
7.	Wat was volgens die digter hulle kos gewees?
8.	Verduidelik die gebeure in strofe 4.
9.	Hoe het die twee persone oor mekaar gevoel volgens strofe 3?

10.	Waarom dink jy was daar *"'n smiley daarby"* in die sms?
11.	Haal **DRIE OPEENVOLGENDE** woorde aan wat sê waarom die kêrel moontlik die verhounding beiendig het.
12.	Sê of die volgende **WAAR** of **ONWAAR** is. Gee 'n rede vir jou antwoord.
	Die twee verliefdes het so pas ontmoet.
13.	Watter woord dui 'n verandering (wending) in die gedig aan?
14.	Wat impliseer die woord "*set*"?
15.	Het die spreekster die boodskap verwag? Ja of Nee. Haal **EEN** woord aan as motivering.
16.	In watter tipe versvorm is die gedig geskryf? Noem **TWEE** redes.
17.	Hoe sou jy voel as jou meisie jou die volgende boodskap stuur:
	"Jamr wil jou nie we sien ni."

18.	Wat is die tema van die gedig.

19.	Wat noem ons die liefde wat tieners ervaar?
20.	Hoe sou jy jou meisie op ’n beskaafde manier afsê?

3. Eksieperfeksie – Alta Marincowitz

Ons is ‘n eksieperfeksie gesin.
Ek lyk op ‘n haar na Ma
en Boetie trek op Pa.
Eksieperfeksie.

Ons is ‘n eksieperfeksie gesin.
Eet lae-GI-hawermout,
groente, vrugte, witvleis en min sout.
Eksieperfeksie.

Ons is ‘n eksieperfeksie gesin.
Staan soggens op vir gym:
swem, Pilates, gewigte, spin.
Eksieperfeksie.

Ons is ‘n eksieperfeksie gesin.
Pa en Ma het goeie werk,
kinders presteer, en Sondae is dit kerk.
Eksieperfeksie.

Ons is ‘n eksieperfeksie gesin.
Ons hou van kuns en maak musiek,
Word omring deur ‘n goeie vriendekliek.
Eksieperfeksie.

Ons is ‘n eksieperfeksie gesin.
Net ek word ‘n bietjie vet.
Ek gaan gereeld na die toilet,
druk ‘n vinger in my keel en spoel
en was en was my hande.

Eksieperfeksie.

WOORDEBOEK

Eksieperfeksie:

- Perfect

lae-GI-hawermout:

- Low GI oats

Omring:

- Surround

Presteer:

- Achieve

Trek op:

- Look like

Vriendeklike:

- Click of friends

Opsomming van *Eksieperfeksie* – Alta Marincowitz

Vrae oor *Eksieperfeksie* – Alta Marincowitz

1.	Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi.
	Hierdie gedig is ’n voorbeeld van ’n …
	a) Italiaanse Sonnet b) Engelse Sonnet c) Vrye Vers d) Haikoe
2.	Noem **TWEE** redes vir jou antwoord in vraag 1.
3.	Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.
	Wat noem ons strofe 6 wat uit vyf reëls bestaan?
	a) Tersiene b) Kwintet c) Kwatryn d) Sestet
4.	Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.
	Wat noem ons strofe 1 wat uit vier reëls bestaan?
	a) Tersiene b) Kwintet c) Kwatryn d) Sestet
5.	Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin te voltooi.
	Strofe 7 bestaan uit een reël, ons noem dit (**voorplasing/alleenplasing/agterplasing**)
6.	Gee ‘n voorbeeld van alliterasie in strofe 5.
	*Skryf die woorde neer en onthou om die **alliterende** (halfrym) klanke te onderstreep*

7.	Gee ‘n voorbeeld van assonansie (halfrym) in strofe 4.
	Skryf die woorde neer en onthou om die rymklanke te onderstreep
8.	Die woord “*Eksieperfeksie*” word gereeld herhaal. Wat is die effek van die herhaling?
9.	Watter tipe spreker kry ons in die gedig?
10.	Wie is die spreker in die gedig?
11.	In watter strofe kom die wending of keerpunt in die gedig voor?
12.	Haal die woorde uit strofe 6 aan wat kontras aandui.
13.	Wat is die funksie van alleenplasing in strofe 7?
14.	Wat is die funksie van die herhaling van die volgende woorde:
	***“en** was **en** was my hande.”*
15.	Wat noem ons die herhaling van die voegwoorde in die onderstaande reël?
	***“en** was **en** was my hande.”*

16.	Wat is die funksie van die komma in die onderstaande reël?
	"kinders presteer, en Sondae is dit kerk."
17.	Wat is die funksie van die dubbelpunt in strofe 3?
	Staan soggens op vir gym:
18.	Verduidelik die IRONIE in die woord "*eksieperfeksie*".
19.	Die titel van die gedig word in die laaste strofe herhaal. Verduidelik wat dit moontlik kan impliseer.
20.	Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi.
	Ons *is 'n eksieperfeksie gesin.* ***Ons*** *hou van kuns en maak musiek,*
	Die onderstreepte woord word aan die begin van elke reël herhaal, ons noem hierdie stylfiguur (**binnerym/beginrym**)

Ontleding van kortverhale

1. Kaalvuis teen tonne rots – oorvertel deur Wendy Maartens

Richard Simelane is ‘n mynwerker wat sy brood 1 500 meter die onder Johannesburg se **wolkekrabbers** verdien.
Wanneer mense soggens vroeg hul gordyne vir die son ooptrek, sak Richard en sy vriende in die donker City Deep-goudmyn af. Daar is die enigste lig dikwels net hul **koplampe**.
Dit is **gevaarlike werk**, maar teen hierdie tyd is Richard al gewoond daaraan.
Elke keer as hy met ‘n nuwe skof begin, probeer hy om nie aan alles te dink wat verkeerd kan gaan nie. En al het hy ‘n paar vriende in mynogelukke verloor, stel hy sy vrou gereeld gerus dat hy elke dag ná werk veilig by die huis sal kom.
Een Woensdagoggend kort voor Kersfees, op 17 Desember 1952, stap Richard saam met sy skofbaas en twee en twintig ander mynwerkers in ‘n tonnel in Nommer 1-**skag**. Terwyl die mans in die lang ry stap, is daar skielik ‘n gerammel en ‘n geweldige slag. ‘n **Rotsstorting**. Die dak en die mure van die tonnel tuimel soos ‘n kaarthuis ineen.
Daarna is dit skielik so stil dat Richard sy eie hart kan hoor klop.
Hy kan skaars glo dat hy lewe en net ‘n paar kneusplekke het.
Die mynligte is dood en sy eie koplamp is stukkend, maar een van sy vriende s’n skyn flou deur die stof.
In die ligstraal kan Richard sien dat die man se voet ernstig beseer is.
Hy gee vir hom ‘n slukkie uit sy waterbottel.
“Moenie bekommerd wees nie,” stel hy sy vriend gerus en neem dié se koplamp. “Ek gaan kyk waar die ander is en dan kom ek na jou toe terug.”
Die arme man **soebat** om nie alleen gelaat te word nie, maar stem uiteindelik in toe hy hoor hoe Richard **vasberade** sê: “Jy sal sien. Ons gaan ons pad hier **uitgrawe**. Binnekort is ons veilig by die huis.”
‘n Rukkie later keer Richard terug. Hy kon agttien van sy vriende opspoor.
Die skofbaas en nog drie mans se liggame is iewers onder die rotse begrawe.
Voor hulle is tonne rots wat die **uitgang** versper. Agter hulle het die tonnel ook ingeval. Richard en sy vriende is sonder kos en met slegs ‘n bietjie water heeltemal van die **buitewêreld** afgesny.
Wie sê hulle word ooit gevind? Wie sê daar is nie nog ‘n rotsstorting op pad wat almal lewendig gaan begrawe nie?
Richard is die enigste een wat nie hoop verloor nie.
Hy het niks anders as sy twee hande nie, dink Richard. Maar hy weier om hier te sterf. Al grawe hy die tonnel self oop.
Toe maak hy almal se koplampe bymekaar en bevel: “Niemand praat nie. Ons kragte en **suurstof** is min. Van nou af brand ons ook net een lamp op ‘n slag.”
Terwyl Richard en ‘n vriend, Fernando Zunguza, die **beseerdes** help, beraam hulle planne.
Richard is seker ‘n **reddingsgeselskap** is reeds besig om na hulle te soek, maar dit help nie om te sit en wag nie. Hulle moet self iets doen.
Omdat Richard kort en skraal is, besluit hy om ‘n tonnel deur die rotse te grawe en die klippe een vir een vir Fernando aan te gee.
“Jy kan nie aan die rotse peuter nie!” roep ‘n paar mans uit. “Wil jy hê die res moet ook op ons intuimel?”
Nadat Richard hulle gerusgestel het, begin hy stadig maar seker om die eerste klip los te wikkel en vir Fernando aan te gee.
“Dit gaan nooit werk nie!” kla ‘n ander man. “Teen die tyd dat jy deur daardie hoop rotse gegrawe het, is ons almal dood.”
Richard maak asof hy niks hoor nie en beurt voort. Klip ná klip ná klip.
Die sweet stroom teen sy lyf af en sy hande bloei later, maar hy weier om op te gee.
Nie lank nie of die geleende koplamp gaan dood en hy moet een van die ander mans s’n gebruik om te sien wat hy doen.
Met tye is die lug in die nou tonnel so **benoud** dat hy sukkel om asem te haal, maar Richard byt vas.
Ses uur later gee die laaste koplamp in en sak die donker oor hulle toe.
“Nou is dit klaarpraat met ons!” kerm ‘n paar mense.

Teen dié tyd weet Richard nie meer of dit dag of nag is nie.
"Een ding is seker," sê hy uitgeput vir homself. "Ek kan net so goed in die donker as in die lig grawe."
Buitendien is die tonneltjie waarin hy werk so nou dat hy nie kan omdraai nie. Daar is net een pad en dit is voorentoe.
Twintig uur later is die reddingspan aan die ander kant van die tonnel al moedeloos gegrawe. Hulle weet die mans se suurstof moet teen hierdie tyd baie min wees. Dis nou te sê as hulle nie almal in die rotsstorting dood is nie.
Wat hulle nie weet nie, is dat Richard steeds die rotse een vir een met sy stukkende hande uitgrawe en vir Fernando aangee.
Terwyl hy besig is, dink hy aan sy ma en sy vrou en die plek waar hy grootgeword het. In sy gedagtes is hy weer 'n klein seuntjie wat kaalvoet beeste oppas en in die veld hardloop.
Dertig uur later wag die mynwerkers se familie en vriende steeds op nuus.
Die eerste reddingspan is so uitgeput dat hulle huis toe moet gaan om te rus.
'n Tweede span is gereed om oor te neem.
Agter Richard lê Fernando half bewusteloos in die smal tonneltjie.
Richard moet hom elke keer wakker stamp om die klip wat hy uitgegrawe het aan te vat. Hyself het nie meer krag om langer aan te gaan nie en dwing homself om een laaste klip te probeer loswikkel.
En toe kom daar skielik koel, vars lug uit die plek waar die rots was.
Hy wil roep: "Ons is deur! Ons is deur!", maar sy keel is so geswel van die dors dat hy nie 'n geluid uitkry nie.
Geleidelik maak hy die opening groter totdat hy, Fernando en nog twee mynwerkers kan deurkruip.
Toe die tweede reddingspan opdaag, wag vier stowwerige, bebloede mans hulle in. Aanvanklik wil die reddingspan weghardloop omdat hulle dink Richard en sy vriende is spoke, maar hulle besef gou **iets uitsonderliks** gebeur het. Nadat die vier mans kos en **mediese behandeling** gekry het, kan Richard nie wag om weer in die myn af te gaan nie.
"Ek moet julle gaan wys waar my vriende is," hou hy vol.
Sy hande is ook skaars verbind of hy en Fernando is terug in dieselfde nou tonneltjie om reddingswerkers die pad te wys.
"Hoe kan ek anders?" wil Richard weet. "Ek het 'n **belofte** aan my vriende gemaak en ek gaan dit nakom."
Nie lank daarna nie is die **Kamer van Mynwese** se Victoria-kruis vir dapperheid aan die jongman toegeken. Hy het honderd meter ver met sy kaal hande deur rotse gegrawe om agttien lewens te red.
"Richard se verhaal is die wonderlikste sorie oor dapperheid en **deursettingsvermoë** wat ek in my hele lewe op die myn teëgekom het," het Richard se afdelingsbestuurder trots aan die koerante gesê.
Richard het hom min aan die ophef gesteur en net geglimlag. En al was hy nou **beroemd**, het hy steeds gedagdroom oor die tyd toe hy 'n klein seuntjie was wat kaalvoet beeste opgepas en in die veld gehardloop het.

WOORDEBOEK:

belofte – promise

benoud – stuffy, suffocating

beroemd – famous

beseerdes – injured

buitewêreld – outside world

deursettingsvermoë – perserverance

gevaarlike werk – dangerous work

grawe – dig

iets uitsonderliks – something exceptional

Kamer van Mynwese – Chamber of Mines

koplamp – headlamp

mediese behandeling – medical treatment

reddingsgeselskap – rescue party

rotsstorting – rock-fall

skag – shaft

soebat – beg, plead

suurstof – oxygen

uitgang – exit

uitgrawe – dig out

vasberade – determined

wolkekrabbers – sky scrapers

Opsomming van *Kaalvuis teen tonne rots* – oorvertel deur Wendy Maartens

Vrae oor *Kaalvuis teen tonne rots* – oorvertel deur Wendy Maartens

1.	Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal?
2.	Waar het Richard gewerk?
3.	Hoe weet ons dat Richard se werk gevaarlik is?
4.	Wanneer was daar ’n rotsstorting?
5.	Watter beeldspraak kom in die onderstaande reël voor?
	Die dak en die mure van die tonnel tuimel soos ’n kaarthuis ineen.
6.	Wie almal was in die tonnel?
7.	Watter beeldspraak kom in die onderstaande reël voor?
	...is daar skielik ’n gerammel en ’n geweldige slag.
8.	Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is. Gee ’n rede vir jou antwoord.
	Richard het sy linkerbeen in die rotsstorting verloor.
9.	Wat het Richard-hulle gebruik om te kan sien?

10.	Waarom was die tonnel donker? Gee **TWEE** redes.
11.	Hoe weet ons dat Richard die mynwerker met die ernstig beseerde voet probeer gerusstel het? Noem **TWEE** dinge.
12.	Waarom het hy die mynwerker se koplamp geneem?
13.	Hoe weet ons dat die mynwerker bang was?
14.	Hoeveel van die mynwerkers het die rotsstorting oorleef?
15.	Hoe het die skofbaas en drie van die mynwerkers gesterf?
16.	Waarom sou dit vir Richard-hulle moeilik wees om in die tonnel te oorleef? Noem **DRIE** dinge wat hul lewens in gevaar kon stel.

17.	Watter vrees (*innerlike konflik*) het die mynwerkers gehad?
18.	Sou jy sê dat Richard positief gebly het ten spyte van sy omstandighede? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.
19.	Hoe was Richard van plan om uit die tonnel vry te kom?
20.	Noem **TWEE** dinge wat Richard gedoen het wat moontlik sy medewerkers se lewe gered het.
21.	Wie het vir Richard met die beseerdes gehelp?
22.	Wat was Richard en Fernando se plan?
23.	Waarom was hul plan gevaarlik?
24.	Hoe weet jy dat dit nie vir Richard maklik was om die klippe kaalhand te verwyder nie?
25.	Waarom het Richard soms benoud geraak?
26.	Waarom het die donker oor hulle toegesak?

27.	Waarom kon Richard nie omdraai nie?
28.	Waarom het die redingspan vermoed dat die mynwerkers dalk dood is? Noem **DRIE** dinge.
29.	Watter kontras is daar tussen die veld waar hy grootgeraak het en die tonnel waarin hy homself bevind?
30.	Wat het gebeur nadat Richard die laaste klip uitgegrawe het?
31.	Watter goeie nuus wou Richard uitskreeu?
32.	Wat het verhoed dat hy kon uitskreeu na die ander mans?
33.	Watter belofte wou Richard nakom?
34.	Haal **EEN** woord aan wat sê dat Richard nie maklik tou opgooi nie.
35.	Wat is die naam van die medalje wat Richard vir sy dapperheid ontvang het?

Ontleding van volksverhale

1. Jakkels nooi Ooievaar vir ete – oorvertel deur Wendy Maartens

Jakkals en Boer was nie goeie vriende nie, want Jakkals was altyd besig om kwaad te doen. As hy die dag regtig vol **streke** was, het hy by Boer se huis ingeglip en van die biltong en melktert gesteel wat Boer se vrou gemaak het.

Op ‘n mooi lente-oggend sien Jakkals hoe Boer en sy vrou die wa inspan om dorp toe te gaan. “Nou is my kans!” giggel Jakkals. “Vandag eet ek my **knuppeldik** aan daardie parmantige haan wat my elke oggend wakker kraai. En sommer daardie vet wit hen en haar nuwe kuikens ook,” sê hy terwyl hy sy lippe aflek.

Boer en sy vrou het skaars om die draai verdwyn of Jakkals kruip uit sy skuilplek. “Dalk moet ek eers by die kombuis gaan inloer,” sê hy. “Ek kan altyd vannag weer terugkom hoenderhok toe, maar dis nie altyd so maklik om by die huis in te glip nie.”

En so waar as vet. Daar staan die kombuisvenster **op ‘n skrefie** oop. Jakkals maak dit versigtig oop en klouter in. Hy val sommer weg aan die biltong en koeksisters en sappige pasteie. Toe hy dors raak, maak hy ‘n bottel gemmerbier oop en drink die hele bottel leeg tot net die rosyntjies op die bodem oorbly.

Net toe Jakkals nog ‘n koeksister wil hap, hoor hy iemand by die voordeur. Dis Boer wat sy beursie vergeet het en al die pad moes terugry om dit te kom haal.

Jakkals gryp ‘n string boerewors, ‘n pak spek en ‘n ronde kaas voordat hy deur die venster spring.

By die huis besluit Jakkals om ‘n pot sop te kook en sy buurvrou, **Ooievaar**, te nooi vir aandete. Hy hou nie juis van haar nie, maar nadat sy hom die vorige keer genooi het, sal hy haar seker móét nooi.

Jakkals wens dat hy liewer die hele pot sop vir homself kon hê, maar hy stap tog na Ooievaar toe en nooi haar om die aand by hom te kom eet.

“Ag, maar dis dierbaar van jou,” giggel Ooievaar en fladder haar ooglede.

“Ek kom alte graag.”

Daardie aand bring Ooievaar ‘n bossie blomme en twee kerse en help Jakkals om die tafel te dek. Maar Jakkals is so **ongeskik** dat Ooievaar nie haar oë kan glo nie. Al waaraan hy kan dink, is die pot sop wat hy nie met haar wil deel nie.

“Ek wens die koddige ding wil liewer huis toe gaan,” brom hy. “Miskien kry sy ‘n vreeslike kopseer of maagpyn of iets!” Maar niks gebeur nie.

Toe dit **opskeptyd** word, maak Jakkals ‘n nare plan. Hy haal sy platste borde uit die kas en skep die sop daarin.

Terwyl Jakkals **smul** dat die sop spat, **sukkel** Ooievaar haar morsdood. Al probeer sy hoe hard, kry sy net die punt van haar snawel in die bord gesteek. Sy kry nie ‘n mondjie sop opgeslurp nie.

Jakkals giggel in sy mou. Maar omdat Ooievaar ‘n ware dame is, maak sy asof daar niks fout is nie en bedank Jakkals vir die heerlike maaltyd.

“Jy het vanaand soveel moeite gedoen dat ek jou graag môreaand ‘n bietjie wil bederf,” sê Ooievaar met ‘n soet glimlaggie.

Jakkals kan sy geluk nie glo nie. Eers het hy sy hele pot sop vir homself en nou wil die dom ooievaar hom nog vir ete ook nooi. En sy is juis so goeie kok.

Toe Jakkals die volgende aand aan Ooievaar se deur klop, kom die heerlikste **geure** deur die oop venster aangesweef. Die ruik na skaapboud en gebraaide aartapels, geelrys en soetpatats, waterblommetjiebredie, souskluitjies en vla. Jakkels trippel eintlik rond van lekkerkry.

“Kom gerus in,” nooi Ooievaar vriendelik. “Ek skep net gou op.” Jakkals gaan sit solank aan die tafel. Hy het heeldag niks geëet nie omdat hy hom vanaand by Ooievaar knuppeldik wil eet.

“So ja,” sê Ooievaar en sit twee lang, smal flesse op die tafel neer. Een vir haar en een vir Jakkals.

“Eet gerus,” sê sy liefies. “Sulke lekker kos mag nie koud word nie.”

Toe val sy weg en smul heel eerste aan die waterblommetjies.

Jakkals probeer eers om sy tong in die fles te kry, toe sy snoet en later sy pote. Toe hy dit nie regkry nie, dop hy die fles om en daar val alles KAPLAKS! op sy gesig.

Jakkels gluur na Ooievaar. Toe storm hy by die huis uit sonder ‘n krieseltjie kos in sy maag, maar met geelrys in sy ooghare en soetpatat aan sy snorbaard.

Daardie dag het Jakkals sy les geleer en nooit ooit weer sy nare poets op enigiemand gebak nie. En vir die res van sy lewe was hy spyt oor daardie souskluitjies met die heerlike kaneelsuiker waarby hy nooit uitgekom het nie.
Wat leer ons hieruit? *Behandel ander soos wat jy graag behandel wil word.*

WOORDEBOEK:

geure – aromas

knuppeldik – quite satisfied

ongeskik – rude

ooievaar – stork

op 'n skrefie – slightly open

opskeptyd – time to dish up

smul – feast on

snawel – bill, beak

streke – tricks

sukkel - struggle

Opsomming van *Jakkels nooi Ooievaar vir ete* – oorvertel deur Wendy Maartens

Vrae oor *Jakkels nooi vir Ooievaar vir ete* – oorvertel deur Wendy Maartens

1.	Waarom was Jakkals en boer nie goeie vriende nie?
2.	Sou jy sê dat Jakkals goeie karaktereienskappe het? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord.
3.	Wat het Jakkals graag gesteel? Noem **DRIE** dinge.
4.	Tydens watter seisoen speel die verhaal af?
5.	Waarheen was boer en sy vrou op pad?
6.	Watter goeie kans was daar nou vir Jakkals?
7.	Wat wou Jakkals graag daardie oggend eet?
8.	Wanneer lek jy jou lippe af?
9.	Waarom het Jakkals van plan verander en liewer besluit om eers kombuis toe te gaan?

10.	Watter geluk het Jakkals getref?
11.	Wat het Jakkals gedrink om sy dors te les?
12.	Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is? Gee ’n rede vir jou antwoord.
	Boer het sy geweer by die huis gelos.
13.	Wie was Ooievaar?
14.	Waarom wou hy Ooievaar graag oornooi vir aandete?
15.	Sou jy sê dat Jakkals se plan gewerk het? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.
16.	Watter goeie karaktereienskappe besit Ooievaar? Noem **TWEE** karaktereienskappe.
17.	Wat omtrent Jakkals se gedrag het vir Ooievaar geskok?
18.	Haal **TWEE** woorde aan wat sê dat Jakkals vir Ooievaar beledig het?
19.	Waarom wou Jakkals van Ooievaar ontslae raak?

20.	Watter slinkse plan het Jakkals gehad om te verseker dat Ooievaar nie te veel van sy sop eet nie?
21.	Sou jy sê dat Jakkals se plan gewerk het? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.
22.	Was Ooievaar so dom as wat Jakkals gedink het? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.
23.	Hoe weet jy dat Ooievaar niks van Jakkals se sop kon geniet nie? Haal **SES** woorde aan as bewys.
24.	Haal **EEN** woord aan wat vir ons sê dat die kos se reuk lekker was wat Ooievaar voorberei het.
25.	Watter sintuig het Jakkals gebruik om te sê dat die kos lekker was?
26.	Noem die disse wat Ooievaar voorberei het vir hul ete.
27.	Watter verrassing het Ooievaar vir Jakkals beplan?
28.	Hoe het Jakkals daarop gereageer?

29.	Watter implikasies het Ooievaar se plan vir Jakkals gehad?
30.	Watter les het Jakkals daardie dag geleer?
31.	Watter gevoel het Jakkals daardie dag geleer? Haal slegs EEN woord aan.
32.	Wie, volgens jou is die slimste karakter in hierdie volksverhaal? Gee ’n rede vir jou antwoord.
33.	Watter les leer ons uit hierdie volksverhaal?
34.	Wat is die tema van hierdie verhaal?

2. Doederomandro – oorvertel deur Wendy Maartens

Lank gelede toe die branders nog teen die Kasteel in Kaapstad se mure geskuim het, was daar ‘n weduwee met drie seuns. Hulle name was Faizel, Ali en Achmat.
Al was hulle nie ryk nie, het die vier gelukkig saam in ‘n stewige kliphuis op ‘n hoë krans teen Tafelberg gewoon.
Elke keer as die seuns wegkruipertjie agter die huis se dik mure gespeel het, het hulle aan hul pa gedink. Hy was voor sy dood ‘n **boswagter** wat die huis ekstra stewig gebou het om hulle veilig te hou.
Daar was baie gevare waaroor die seuns gedurig op die uitkyk moes wees. As dit nie lang skerpioene was wat onder die klippe geskuil het nie, was dit luiperds wat in die skaduwees gesluip het.
Maar die heel grootste gevaar van alles was die verskriklike Doederomandro.
So gevaarlik was dié **gedrog** met die **skubberige lyf**, **likkewaanstert** en **gesplete tong** dat niemand anders behalwe die boswagter sy naam wou sê nie. Boonop het die dierasie ‘n verskriklike humeur gehad.
Terwyl die boswagter nog geleef het, het hy elke aand teen slaaptyd vir die seuns stories vertel. Dan het hulle grootoog na Skilpad en Koning Leeu se eskapedes gelê en luister.
Maar die storie waarvan hulle die heel meeste gehou het, was van parmantige Hasie wat die enigste dier was wat die Doederomandro se towerspreuk geken het.
Elke aand wanneer die storie klaar was, het die boswagter sy seuns gewaarsku om versigtig te wees, want die Doederomandro het snags onder die deure gesnuffel en bedags tussen die suikerkanne gesluip.
Die boswagter het geweet die Doederomandro was besig om sy **skurwe groen lippe** af te lek om die hele gesin een vir een op te vreet. Nooit het hy gedink dat die aaklige dierasie hom eerste sou vang nie.
Tot ‘n mooi sonskynoggend toe die boswagter per ongeluk te naby die Doederomandro se lêplek tussen die suikerkanne verbygestap het en die ongedierte hom net daar opgevreet het.
Al wat hy uitgespoeg het, was twee **skoenveters**.
Van toe af is die **weduwee** en haar drie seuns nie net alleen nie, maar ook ekstra versigtig.
Wanneer die weduwee dorp toe gaan, laat die seuns haar met ‘n tou teen die krans afsak. Dan speel hulle in die agterplaas tot sy terugkom, want die Doederomandro kom nie sommer in die helder daglig daar nie.
Sodra die weduwee aan die onderkant van die krans staan, sing sy:
“Wildegans, bokmakierie, koekoek,
kyk tog mooi wie skuil om elke hoek.
Jantatterat, hadida, flamink,
laat sak die tou voor die monster iets bedink!”
“Dis Mamma!” roep Faizel, Ali en Achmat bly, want hulle weet hul ma kook ekstra lekker kos wanneer sy van die dorp af kom.
“Vang, Mamma!” roep Faizel en gooi die punt van die tou vir sy ma terwyl Ali en Achmat gereed staan om haar teen die krans op te trek.
“Ag, maar my kinders is fluks,” prys die weduwee die drie en smeer vir elkeen ‘n dik sny brood met skaapvet en bruinsuiker op.
En terwyl sy aandkos maak, hang die geur van waterblommetjiebredie soos ‘n wolk oor die kliphuis. Dan verlang die seuns na hul pa en wens hy was nog daar om vir hulle slaaptydstories te vertel.
Wat hulle nie weet nie, is dat die Doederomandro agtergekom het die weduwee sing ‘n spesiale liedjie sodat die seuns die tou moet afgooi om haar teen die krans op te trek.
Met ‘n groot gesukkel leer hy ná ‘n ruk om die liedjie se woorde te sing.
Eendag, terwyl die weduwee in die dorp is, besluit die ongedierte om drie hande vol **boomgom** te vreet sodat sy stem sagter kan word. Toe tuit hy sy skurwe bek koeëlrond en sing met ‘n stroopsoet stemmetjie:
“Wildegans, bokmakierie, koekoek,
kyk tog mooi wie skuil om elke hoek.
Jantatterat, hadida, flamink,
laat sak die tou voor die monster iets bedink!”
“Dis Mamma!” roep Faizel.
“Hoekom klink haar stem vandag so snaaks?” vra Ali.
“Ag, moenie jou laf hou nie!” sê Achmat en gryp die tou by Faizel. “Mamma het ver gestap en gaan nog vir ons lekker kos kook. Moenie dat sy langer wag nie.”

Toe Achmat van hul ma se lekker kos praat, spring die ander twee sommer dadelik aan die werk.
“Hoekom is Mamma dan vandag so swaar?” roep Faizel.
“En van wanneer af hyg en blaas sy soos ‘n koggelmander?” vra Ali terwyl al drie verbaas na die geroggel luister wat al hoe nader kom.
“Wag, ek loer gou hoe ver sy van bo af is!” roep Achmat en draf om oor die rand van die krans te loer.
Op daardie oomblik steek die Doederomandro sy lelike kop oor die rand van die krans en blaas so hard met sy likkewaan-asem in Achmat se gesig dat sy kuif regop spring.
“O toggie, die Doederomandro!” skree hy. Maar voordat enigeen kan weghardloop, gryp die monster die drie boeties en vreet hulle een vir een **pens en pootjies** op.
Ketjoeps! spoeg die Doederomandro een van Faizel se **knope** uit.
Ketjoings! spoeg die Doederomandro een van die **albasters** wat in Ali se sak was uit.
Kapoink! spoeg die Doederomandro Achmat se **kettie** uit.
Toe die weduwee met vars aartappels, groenbone en kwepers aan die voet van die krans kom, sê sy: “Ai, vanaand kook ek vir daardie liewe seuns van my groenboontjiebredie en gestoofde kwepers.”
Soos altyd, sing sy:
“Wildegans, bokmakierie, koekoek,
kyk tog mooi wie skuil om elke hoek.
Jantatterat, hadida, flamink,
laat sak die tou voor die monster iets bedink!”
Maar niemand antwoord nie.
Toe sien sy die spore van die Doederomandro en tel die knoop, alabaster en kettie op.
“My arme seuns!” huil die weduwee.
Die nuus versprei soos ‘n veldbrand deur die berg.
“Ai-oeee! Die Doederomandro het die weduwee se seuns opgevreet!” kla Skilpad met sy tandelose mond in Wolf se oor. Dié val omtrent oor sy groot pote van pure haastigheid om by Koning Leeu te kom.
“Ai-oeee! Die Doederomandro het die weduwee se seuns opgevreet!” kla Wolf met sy puntsnoet in Koning Leeu se oor.
Net toe kom Olifant met ‘n gedreun aangedraf.
“Wat hoor e-e-e-e-ek?” trompetter hy so hard dat selfs die Suidooster vir ‘n rukkie stil word.
“Ai-oeee! Dit Doederomandro het die weduwee se seuns opgevreet!” brul Koning Leeu soos wat dit ‘n koning betaam.
“En waar is hy nou?” vra Olifant.
“Daar by die krans,” snik die weduwee.
“Toemaar,” troos Wolf. “Ons koning sal ‘n plan maak. Jou man was ons almal se vriend. As dit nie vir hom was nie, het die **wildstropers** ons lankal gevang.”
“Wie van julle ken die Doederomandro se **towerspreuk**?” vra Koning Leeu.
“Nie ek nie,” sê Skilpad skamerig en trek sy hangskouertjies op.
“Nie ek nie,” sê Wolf dommerig en knip-knip sy oë.
“Nie ek nie,” trompetter Olifant skielik verleë.
Op daardie oomblik kom Hasie verbygehop.
“Wat hoor ek van die Doederomandro se towerspreuk?” vra hy parmantig.
“Ai, Hasie, jy kom asof jy gestuur is,” sug Koning Leeu. “Nie een van hierdie domkoppe ken die Doederomandro se towerspreuk nie.”
“Tot u diens, U Majesteit!” roep Hasie uit en buig kastig vreeslik diep. “Met my groot ore wat so naby die grond is, is ek die enigste dier wat nog ooit die Doederomandro se towerspreuk gehoor het. Gee my net ‘n sakkie meel en voor die son vanaand ondergaan, het daardie ongedierte sy moses teëgekom.”
So gesê, so gedaan.
Hasie hop met die sakkie meel tot onder die krans en klim rats teen die tou op wat nog steeds daar hang.
Toe hy ‘n ent van bo af is, roep hy die Doederomandro se towerspreuk:
“Ek is ‘n Doederomandro
met ‘n groen lyf en ‘n likkewaanstert.
Al weet ek hoe mensvleis proe,

hou ek steeds van appeltert.

Kom wees 'n skat en kruis my pad,
Want ek wil jou opvreet dat die knope spat."

Die Doederomandro kan sy ore nie glo nie. Iemand ken sowaar sy towerspreuk. Woedend storm hy na die rand van die krans om die astrante skepsel in die hande te kry. Op daardie oomblik skiet Hasie 'n hand vol meel in die ongedierte se oë.

Die Doederomandro rol soos donderweer teen die krans af en bly morsdood onder lê.

"Hoera!" skree al die diere en die weduwee wat intussen nader gehardloop het om te sien wat gebeur.

Koning Leeu vat sy duimnael en skeur die Doederomandro se groen pensvel oop. Faizel, Ali en Achmat klouter uit, maar kraai van die lag toe hulle hul ma sien.

"My seuns!" roep die weduwee. "My liewe seuns!"

"Ai, maar ek het na julle verlang," sê 'n vriendelike manstem onverwags.

Dis die boswagter wat al die tyd nog lewend in die Doederomandro se pens was en nooit moed opgegee het nie.

Daardie aand het die weduwee, wat nou nie meer 'n weduwee was nie, 'n feesmaal soos nog nooit tevore gekook nie.

Faizel, Ali en Achmat kon nie wag om hul slaaptydstorie te hoor nie. Die volgende dag het die boswagter die Doederomandro se vel afgeslag en vir elkeen van die seuns 'n paar velskoene gemaak.

En as hulle die dag lus was, het hulle draaie daarmee deur die suikerkanne gehardloop en kliphard die Doederomandro se towerspreuk geroep.

Net omdat dit so verskriklik lekker was.

WOORDEBOEK:

albasters – marbles

boomgom – resin (of trees)

boswagter – forest ranger/warden

gedrog – monstrosity

gesplete tong – forked tongue

kettie – catty

knope – buttons

likkewaanstert – tail of a Cape monitor

pens en pootjies – boots and all

skoenveters – shoe-laces

skubberige lyf – scaly body

skurwe groen lippe – chapped, rough green lips

towerspreuk – magic spell

weduwee – widow

wildstropers – game poachers


Opsomming van *Doederomandro* – oorvertel deur Wendy Maartens

Vrae oor *Doederomandro* – oorvertel deur Wendy Maartens

1.	Waarna verwys die titel van die verhaal?
2.	Beskryf die gedrog.
3.	Wat is die agtergrond van hierdie verhaal?
4.	Watter werk het die pa gedoen?
5.	Wat is die name van die kinders?
6.	Haal **EEN** woord aan wat sê dat die vrou se man oorlede is.
7.	Hoe het hul pa hul huis gebou?
8.	Wat was die kinders se gunsteling speletjie?
9.	Noem die gevare waarvoor die seuns bang was?
10.	Watter tipe konflik word deur hierdie gevare veroorsaak?
	Kies die korrekte woord tussen hakies: (***Innerlike/uiterlike)*** konflik.

11.	Waarom wou niemand die gedrog se naam sê nie?
12.	Noem **EEN** karaktertrek van die gedrog?
13.	Wat het hul pa elke aand gedoen terwyl hy geleef het?
14.	Van watter storie het hul die meeste gehou?
15.	Wat het die Doederomandro snags (in die aand) en bedags (in die oggend) gedoen?
16.	Wat wou die Doederomandro graag met die gesin doen?
17.	Vir wie het die dierasie/gedrog eerste gevang?
18.	Waarom het die gedrog die pa opgevreet?
19.	Wat het die Doederomandro uitgespoeg?
20.	Hoe het die gesin gevoel nadat die pa dood was? Noem **TWEE** dinge.

21.	Hoe het die ma by die krans afgekom?
22.	Waarom was dit bedags veilig vir die kinders om in die agterplaas te speel?
23.	Hoe het die kinders geweet dat hul ma van die dorp af terug is?
24.	Waarom was die seuns altyd opgewonde wanneer hul ma van die dorp af terugkom?
25.	Hoe het die ma hul beloon omdat hulle so fluks is?
26.	Waarom het die seuns veral hul pa snags verlang?
27.	Hoe het die Doederomandro die seuns uitoorlê?
28.	Verduidelik wat met die volgende bedoel word “pens en pootjies”.

29.	Kies die foto/prent in KOLOM B wat by die naam in KOLOM A pas.	
	Kolom A	**Kolom B**
	Ali	
	Faizel	
	Achmat	
30.	Waarom het die weduwee gehuil?	
31.	Beskryf wat haas gedoen het om die seuns terug te kry?	
32.	Wat het Leeu gedoen om die seuns te bevry?	
33.	Waarom het hierdie storie ’n gelukkige einde?	
34.	Wie is die held in hierdie verhaal?	

35.	Kies die korrekte beeldspraak/stylfiguur in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas.	
	Kolom A	**Kolom B**
	"Die nuus versprei **soos** veldbrand deur die berg."	Klanknabootsing
	"**Kapoink**! Spoeg die Doederomandro Achmat se kettie uit."	Beklemtoning
	"…en bly **morsdood** onder lê.	Vergelyking

Naslaanbron

A **Inhoud**

Om 'n gedig só te ken dat jy 'n eksamenvraag daaroor kan beantwoord, is dit noodsaaklik dat die INHOUD eers goed verstaan word. Verklaar elke reël in eenvoudige taal in jou eie woorde. Sorg dat jy elke word of uitdrukkingverstaan. Kyk waarom die digter bepaalde woordkeuses maak – gewoonlik om 'n bepaalde atmosfeer te skep. Probeer dan 'n kernagtige samevatting van die bedoeling of implikasie van die gedig gee: met ander woorde: Wat wil die gedig vir ons sê?

LET WEL: Meer as die helfte van die eksamenvrae oor die gedig is gebaseer op begrip van die gedig.

B **Verstegniese aspekte**

Die ander vrae wat 'n eksaminator oor 'n gedig vra, is oor die verstegniese aspekte wat kortliks hier onder behandel word

1. **Rym**

Vraag: Toon die rymskema aan en benoem dit.
Antwoord: aabb - paarrym
abab - kruisrym
abba – omarmde rym
abcb – gebroke rym
geen rym - vrye vers

Vraag: Wat is die funksie van die besondere rym?
Antwoord:
- Gee 'n vaste vorm aan die gedig
- Beklemtoon sleutelwoorde
- Gee musikaliteit aan die gedig/ mooiklinkendheid

Vraag: Dui 'n alliterasie in die gedig aan.
Antwoord.: Beginklanke rym

Vraag: Wat is die funksie van allitrasie?
Antwoord:
- Bind sleutelwoorde
- Klanknabootsend
- Versierend/ mooiklinkend

Vraag: Dui 'n assonansie in die gedig aan.
Antwoord: vokale/ klinkers wat rym

Vraag: Wat noem ons die verskynsel waar 'n digter woorde op gedwonge en onnatuurlike wyse inspan bloot om dit te laat rym?
Antwoord: Rymdwang

2. **Enjambement**

Vraag: Dui ’n enjambement aan en verduidelik die besondere funksie daarvan.
Antwoord:

- Dit is wanneer een versreël sonder ’n pose direk oorloop in die volgende reël noem ns dit ’n enjambement.
- Die enjambement bind ’n deurlopende gedagte/ sin tot ’n sinvolle samehangende geheel.
- Verdoesel/ versag die rym.
- Versnel die tempo.
- Verskaf afwisseling in die eentonigheid van die vers.
- Suggereer ’n aaneenlopendheid van handeling of beweging.

3. **Ritme en metrum**

Ritme is die herhaling van heffings en dalings in ’n gedig, bv. Die hard/sag hard/sag as ons ’n gedig lees.

Metrum is wanneer hierdie ritme ’n vaste patron het soos ons dikwels in ’n sonnet aantref (jambiese versmaat): sag hard sag hard

Vraag: wat is die funksie van die vaste metrum/versmaat in die gedig?
Antwoord: - dit gee ’n musikaliteit aan die gedig.
suggereer dikwels herhalende bewegings

4. **Tempo**

Dit is die snelheid waarteen ’n gedig gelees word. Lang of kort klanke, enjambemente, leestekens of die gebrek daaraan versnel of vertraag die tempo

Vraag: Dui aan waar die tempo in die gedig versnel/ vertraag en verklaar waarom dit plaasvind.
Antwoord: Dit suggereer gewoonlik ’n vertraging of versnelling van die handeling in die gedig, soms om ’n bepaalde atmosfeer te skep.

5. **Tipografie**

Dit is die uiterlike gedrukte vorm van die gedig: drukbeeld (die gedig gesien soos op die papier).
Die titel, subtitel, wisselende strofelengtes, inkeping, spasies en alleenplasing van woorde is alles deel van die tipografie van ’n gedig.

Vraag: Verklaar die funksie van … (enige van bostaande).
Antwoord: Die subtitle is dikwels ’n belangrike verwysingsbron vir die leser, terwyl alleenplasing gewoonlik dele of woorde beklemtoon.

6. **Progressie**

Dit is die ontwikkeling of groei van 'n gedagte, dikwels deur 'n herhalende word, beeld, refrein of selfs 'n gedagte.
Soms tref ons die teenoorgestelde aan waar 'n stagnasie of 'n tot-stilstand-kom van iets plaasvind. Dit noem ons regressie.

Vraag: Dui die progressie in kleure/ beweging/ geluide/ ens. Wat ons in die gedig aantref aan? Verklaar die funksie daarvan.
Antwoord: Die veranderde kleure/ bewegings word onder mekaar neergeskryf.
Die funksie kan iets van die aard wees: Die kleure wat geleidelik donkerder/ dower word, suggereer die naderende dood.

7. **Repetisie/ herhaling**

Dit is die herhaling van woorde, frases, sinne (refreine) en beelde

Vraag: Wat noem ons die verskynsel wat ons in reël ___ aantref?
Dui 'n voorbeeld van repetisie aan en sê wat die funksie daarvan in die gedig is.
Antwoord: - Dit versterk of beklemtoon sekere gedagtes.
Dit is 'n middle wat progressie meebring/ aanhelp.

8. **Kontras**

Dit is waar twee dinge as teenstellings (teenoorgesteldes) teenoor mekaar gestel word.

Vraag: Gee 'n voorbeeld van 'n kontras in die gedig en verklaar die besondere funksie daarvan.
Antwoord: "duister" … "helder"
Dit beklemtoon of versterk die …

9. **Ironie**

Ironie impliseer die teenoorgestelde van wat normaalweg verwag word.
Vraag: Verklaar waarom die beeld in strofe ____ ironies is.
OF
Dui die ironie in strofe ____ aan. Motiveer jou antwoord.
Antwoord: Dit is nie werklik 'n paradys nie. - Dit is 'n plek van verderf en onheil.

10. **Inversie**

Dit is 'n omgekeerde woordorde om 'n bepaalde effek te kry of te versterk – dit skuif dus die klem na 'n bepaalde word of sinsdeel toe om dit te beklemtoon.

Vraag: Wat noem ons die stylfiguur in reel ____ en wat bereik die digter daarmee/ Wat is die funksie daarvan?
Antwoord: Inversie
Deur die voorplasing van die word "koud" word die koudheid van die winternag beklemtoon/ uitgehef.

11. **Leestekens**

Die aanwending of weglating van leestekens is belangrike middele wat die digter aanwend om sekere effekte te verkry. Let veral op die gebruik van die dubbelpunt, uitroepteken, kommas, beletselteken en die aandagstreep.

Vraag: Wat is die funksie van die kommas in vers _____?
Antwoord: Die baie kommas vertraag die tempo van die leesspoed en suggereer nie net dat Oum-Appie se fiets tot stilstand kom nie, maar dat alle handeling in die dorpie vertraag en uiteindelik tot stilstand kom.

Vraag: Wat is die funksie van die dubbelpunt in die titel van bogenoemde gedig?
Antwoord: Dit verklaar die deel wat voor die dubbelpunt staan in fyner besonderhede/ brei op voorafgaande uit.

12 **Beeldspraak**

12.1 **Vergelyking**

Twee dinge wat ooreenkomste toon, word met mekaar vergelyk deur middel van die woord soos, nes.

Vraag: Dui die beeldspraak in strofe ___ aan en benoem dit.
Antwoord: Haal aan en Benoem

Vraag: Wat is die Funksie van die beeldspraak?
Antwoord: Dit skep 'n duideliker beeld by die leser

12.2 **Metafoor**

Dit is 'n beknopte vergelyking sonder die woorde soos of nes.
Die een ding word dus direk in die plek van die ander gestel.
Vraag: Dui die beeldspraak in strofe ___ aan en benoem dit.
Antwoord: Haal aan en Benoem

Vraag: Wat is die Funksie van die beeldspraak?
Antwoord: Dit skep 'n duideliker beeld by die leser.

12.3 **Personifikasie**

Nie-lewende dinge kry lewende eienskappe.

Vraag: Bespreek die beeldspraak wat ons in strofe __ aantref volledig.
Antwoord: Haal die toepaslike beeldspraak aan.
Sê watter soort beeldspraak dit is.
Verklaar die beeldspraak./ Sê wat bedoel die skrywer met die beeldspraak.
Wat is die funksie van die beeldspraak.